

Liewe Maats

Baie dankie vir almal wat vroeg hierdie jaar al sommer hul registrasievorms ingevul en saambring het - en natuurlik vir Pappa en Mamma wat die R10 per kind bygedra het.

Ons het 'n paar donasies ook bygekry en dit help alles dat ons die hulpmiddele kan aankoop om die klasse meer interessant te maak.

Die eerste kwartaal is so vinnig verby dat ek nie eens kans gekry het vir 'n Penniefluitjie nie, maar daarom is hierdie een ekstra dik, sodat julle dus heelwat te lees het in die lang sokkervakansie!

Teen hierdie tyd weet julle ook dat Ds Ernst en tannie Susan weggetrek het na die Noordkaapprovinsie. Julle kaartjies is vir hulle gepos, sodat hulle darem nie te alleen voel in die vreemde nie.

Ons samel hierdie jaar weer met die geldbome vir Sergiy se fonds 'n ekstratjie in - Ds Tait het mos vir julle die foto's gewys en dit lyk vir my of Sergiy baie gelukkig was met sy pakkie wat ons gestuur het. Sodra ons kans het, laai ons sy nuutste foto ook op ons webblad op, hoor!

Hoop julle het 'n heerlike lang sokkervakansie - moet nou nie die heertyd voor die TV deurbring nie ; speel darem so bietjie buite ook!

Sien julle dus weer op Sondag 17 Julie 2010.

Baie liefde

Tannie Lita

Geniet die vakansie en kom veilig terug!

Geniet die vakansie en kom veilig terug!

Hier is weer ons webblad-adres:
<http://www.rietfontein-suid.ng.org.za>

Moedersdag

Julle weet mos dat ons op 9 Mei 2010 Moedersdag gevier het. Dis 'n spesiale dag vir alle Mamas en Oumas en Tannies en Juffrouens om vir hulle dankie te sê dat hulle altyd vir ons daar is. Dis belangrik om waardering te wys en daarom maak ons iets spesiaals daarvan.



Nou ja, net soos ons elke Mamma en Ouma en Tannie en Juffrou op hierdie dag spesiaal moet laat voel, moet julle nie vir een oomblik dink dat julle vergeet word nie.

Hier langsaan is 'n gebed wat 'n Mamma geskryf het vir haar kinders toe hulle nou al bietjie groter was. Ek dink dis pragtig – lees gerus deur en weet dat julle klompie kinders, selfs wanneer julle groot is, steeds vir elke Mamma, Ouma, Tannie en Juffrou spesiaal bly!

EK LAAI MY KINDERS OP U TREIN HERE

Ek is so moeg van wakker lê en wroeg
My hart is gebreek oor my kinders se seer
Toe hulle klein was,
Kon ek hulle teen my vasdruk as hulle seerkry
En pleister en spoeg aansmeer -
Totdat hulle weer lag.
Nou is hulle groot en hulle seerkry is anders.
Ek kan hulle nie meer vasdruk nie.
Ek voel magteloos.
Ek kan niks meer vir hulle doen nie.
Ek kan maar net vir hulle bidm en hulle aan U opdra.
Groot Kondukteur,
Ek laai hulle vanoggend op U trein.
Neem hulle asseblief saam met U op reis.
Laat my rustig aanvaar dat ek nie meer kan saamgaan
En neem somer my bagasie van skuldgevoelens,
Waarvan ek so swaar dra ook met U saam.
Ek dank U dat U hulle eintlike Vader is, hulle Bloedpa
Dit omdat hulle oudste broer, U seun,
Hulle met Sy bloed gekoop het,
Lig U hande seënnend oor my kinders, Here Jesus,
En laat hulle opkyk na die hande wat hulle seën.
Laat hulle hulle name onuitwisbaar gegraveer sien in U handpalms
En laat U bloed wat daaruit vloei, wat hulle reinig van alle - ja,
Regtig, alle - sonde,
Groot Kondukteur,
Ek wuif vir hulle terwyl U met hulle verder op hulle
Lewensreis vetrek.
Dankie tog, Here, dat ek kan weet, U is hulle Redder en ek dank U daarvoor!
Amen
Met liefde Mamma

Wat pak jy in as jy op reis gaan?

Eendag is 'n ryk sakeman besig om vir 'n lang reis sy tas te pak. Een van sy vriende sit by hom in die kamer, want hulle is van plan om saam te ry na die afskeidspartytjie wat by die kantoor gehou word.

Die vriend sê vir die sakeman:

“Toe-toe jong, jy moet klaar pak, want ons moet ry!”

Die sakeman antwoord: “Ek is byna klaar gepak.

*Ek moet nog net 'n **gidsboek**, 'n **lamp**, 'n **spieël**, 'n **mikroskoop**, 'n **teleskoop**, 'n **storieboek**, 'n **digbundel**, 'n **gebedeboek**, 'n **pak ou briewe**, 'n **paar biografieë**, 'n **liedereboek**, 'n **geskiedenis-handboek**, my **internasionale waardeshandleiding**, 'n **swaard** en 'n **paar boeke** wat ek bestudeer, inpak”*

“Maar jy sal nooit al daardie goed in jou tas kry nie!” roep sy vriend uit.


“O ja, ek sal”, antwoord die sakeman. *“Dit neem nie baie plek in beslag nie”.*

En met hierdie woorde sit hy sy **Bybel** in sy tas en knip dit toe.

- Wat pak jy in as jy met vakansie gaan?
- Het jy geweet die Bybel het al hierdie soort goed binne-in?
- Vra bietjie vir Pappa en Mamma om vir jou te verduidelik
.....dalk kan julle lekker saam kuier en kyk of julle al hierdie goed kan opspoor!



Die Junie-vakansie lê voor en dit is mos 'n baie laaang een met al die sokkerwedstryde, so dalk gaan julle weg of dalk ry julle met Jan Tuisbly se Karretjie. Dit maak nie saak nie, solank jou Bybel deel is van jou lewensreis!



versus



Het jy al gewonder wat sou gebeur as ons ons Bybel soos ons selfoon behandel?

- Dra dit heeldag in jou sak
- Blaai heeldag kort-kort daardeur
- Draai om as jy dit iewers vergeet het en gaan haal dit
- Gebruik dit om boodskappe vir mekaar te stuur
- “Chat” heeldag met jou beste vriende
- Hanteer dit asof jy nie daarsonder kan leef nie
- Maak seker jy het jou pille se nommers en weet waar om hulle te kry
- Gebruik dit as jy met vakansie gaan
- Sorg dat dit nooit wegraak nie
- Soek oral tot jy dit kry as jy dit verloor het
- Gebruik dit in ‘n noodgeval
- Slaap daarmee naby jou
- Skakel dit nooit “af” nie
- Is onafskeidbaar daarvan!

Het jy geweet dat jy nie bekommerd hoef te wees dat jy nie ‘n sein gaan hê of dat jou Bybel geblok gaan word nie?

Jesus het reeds die rekening betaal!

Hy is altyd beskikbaar, altyd teenwoordig, altyd “fully charged”!

Hy wag net vir jou om met Hom te gesels!



Sergiy

Julle onthou mos van Sergiy, ons maatjie in die Oekraïne? Dominee Leon Tait het vir hom gaan kuier en het vir ons foto's van Sergiy saamgebring, sodat julle kan sien hoe hy nou lyk. Hierdie foto wys waar Sergiy in sy skoolkonsert optree – hy het tradisionele klere aan. Ek dink hulle het amper iets soos Hansie en Grietjie opgevoer, of wat dink julle?

Hy sê baie dankie vir die briefies en al die prentjies wat julle gestuur het! En natuurlik ook baie dankie vir die geld wat ons nou weer met ons Geldbome ingesamel het. Dit is genoeg dat ons vir Sergiy vir 'n hele jaar lank kan borg teen R160 per maand vir al sy kos en klere en nog sy skoolgeld ook.

COUNT YOUR BLESSINGS

A Joyful 'toon by Mike Waters



www.joyfultoons.com © 2007 Michael D. Waters

Praise the LORD, O my soul, and forget not all his benefits—
— PSALM 103:2 NIV

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Hier is twee “Cartoons” vir julle – kyk of julle die versies in die Bybel kan opsoek en dan sien wat die betekenis van die prentjies is.

Hierdie is gelukkig nie spotprente nie, maar dit beeld net in prentjievorm die betekenis van die versies uit.

Skryf nou die Afrikaanse versies in die spasies neer op die lyntjies wat ek vir julle gelos het.

BELT OF TRUTH

A Joyful 'toon by Mike Waters



www.joyfultoons.com © 2007 Michael D. Waters

Therefore put on the full armor of God, so that when the day of evil comes, you may be able to stand your ground, and after you have done everything, to stand. Stand firm then, with the belt of truth buckled around your waist,

— EPHESIANS 6:13-14 NIV

Vadersdag

Een van die dae is dit weer Vadersdag ook, maar hierdie jaar val dit in die skoolvakansie en ons gaan dus nie kans hê om saam met julle iets spesiaals te doen om vir al die Pappas, Ooms en Oupas dankie te sê vir wat hulle vir ons doen nie. Daarom doen ons dit sommer nou hier.

Kyk hier langsaan is 'n spesiale briefie waar jy jou Pappa of Oupa of Oom se naam kan invul en 'n spesiale boodskap byskryf. Ons het dit spesiaal op 'n aparte bladsy, sodat jy dit kan uitknip en daar niks agterop is nie. Onthou jou eie naam onderaan!

Die beertjies kan jy inkleur en uitknip en saam met die briefie op 'n spesiale kaartjie plak voordat jy dit oorhandig – daar is genoeg om sommer oral te plak!

Liewe

Met hierdie geskenkbewys sê ek baie dankie vir al die moeite wat jy doen om my groot te kry!

Kies gerus enigeen uit die volgende wat ek vir jou kan doen:

- Koffie maak
- Jou pantoffels aandra
- Help om die motor te was
- Jou bed opmaak
- Vir jou die koerant gaan koop
- Vir jou 'n lekker drukkie gee

Met baie liefde van:

.....

****Geldig tot einde Junie 2010!*

